# Die ontwikkeling van 'n BATL – 'n vorderingsverslag

**Wannie Carstens en Dorothea van Zyl**

SAVN/ALV-kongres, Potchefstroom, 25/09/2004

------------------------------------------------------------------------------

1. **BATL** = Bibliografie van Afrikaanse taal- en letterkunde
2. Behoefte aan so 'n bron (ooreenstemmend aan Nederlandse **BNTL**) uitgespreek deur prof. PC Paardekooper
3. Navraag toon dat daar ook ander belangstelling in so 'n bron is.
4. **Doel** van projek: toegang tot akademiese inligting oor publikasies rakende Afrikaanse taal- en letterkunde vir enigeen wat buite SA daarin belang sou stel. Wyse: aanvanklike plan om dit in boekvorm soos BNTL beskikbaar te stel. Mettertyd besef dat elektroniese proses *eenvoudiger* en ook *makliker toeganklik* is.
5. 1993: ná korrespondensie met kontakpersoon (mnr. Peeters) by Koninklijke Biblioteek in Den Haag – konsepuiteensetting van formaat met hulp van PUK – toon aan dat formaat te kompleks vir SA omstandighede is. Formaat word geskaaf vir SA omstandighede.
6. Kontakpersoon by KB vervang en nuwe persoon (Paul Doorenbosch) dryf proses verder en daar kom verfyning van formaat.
7. 1997: WAMC en DPvZ besoek Nederland en kom tot werkooreenkoms met Paul Doorenbosch. Ooreenkoms behels: WAMC & DPvZ sal fondse soek en daardeur NALN bemagtig om versamelingstaak te doen. NALN onderneem om taak te verrig – het daarvoor fondse nodig vir (a) beter rekenaarfasiliteite en (b) personeelhulp.
8. Rede waarom NALN genader is: NALN is primêre versamelingspunt vir inligting oor Afrikaanse letterkunde en sou *teoreties* ook taak vir Afrikaanse taalkunde kon oorneem.
9. WAMC & DPvZ doen aansoek by Fonds Neerlandistiek en fondse word toegestaan.
10. Helaas: ná talle herinnerings en beloftes oor jare, talle besoeke aan NALN nog geen sigbare resultate teen 2003.

11. WAMC besoek KB in Den Haag in Julie 2003 en kom met kontakpersoon (dr. Karina van Daalen) ooreen dat projek teen 2004 op dreef sal wees.
12. Spertyd gestel aan NALN – 31 Mei 2004. Indien teen dan geen vordering, word projek onttrek en elders geneem. Geen reaksie teen spertyd en projek wel onttrek.
13. Hoof (Tom Larney) van Ferdinand Postma-biblioteek toon belangstelling om by projek betrokke te raak – hy stel fondse beskikbaar om projek te loods. Maak in samewerking met Heilna du Plooy en Tom Larney (FPB) plan oor werkswyse. FPB kom ook met voorstel oor inrig van navorsingslokaal vir Afrikaans –sal daar materiaal beskikbaar stel vir Afrikaans.
14. Uit FPB-fondse word Hester Lombard aangestel (tot einde Nov. 2004) en WAMC werk saam met haar stelsel van versameling uit: dui breë kategorieë aan en kom ooreen dat data terugwerkend vanaf 2004 ingesleutel sal word in stelsel. Hester korrespondeer met Karina van Daalen (KB, Den Haag) en konsepformaat kom tot stand.
15. Hester (HL) sleutel tans data in stelsel in – gebaseer op inligting wat WAMC aan haar gegee het. Sluit in soverre dit moontlik is ook kort opsomming van bron in en waar moontlik ook elektroniese kopie van bron. Kom ooreen dat eers konsentreer op tydskrifte, boeke, verhandelinge, proefskrifte. Sluit tans resensies en koerantberigte en artikels uit. Versameling koerantberigte oor Afrikaans (met hulp van Marlies Taljard) sal wel in navorsingslokaal in FPB beskikbaar wees vir gebruik.
16. Taak vorentoe?: HL gaan voort met opneem van data in stelsel, WAMC gee hulp waar kan met seleksie van materiaal. Het hulp van Afrikaanse taalkundiges in SA nodig hiervoor – sal CV's aanvra om inligting te onttrek. Sal ook inligting beskikbaar stel soos aangedui – enigeen kan addisionele inligting aanstuur vir opname in stelsel. Voorstelle, wenke is baie welkom!
17. Besef wel volgende:
    - Stelsel moet verder verfyn word om voorsiening te maak vir verskeidenheid materiaal.
    - Moet ook fondse kry om op langer termyn personeel beskikbaar te hê stel vir voortsit van werk. Sal aansoek doen by Fonds Neerlandistiek hiervoor.
18. Ideaal is dat inligting oor taal- en letterkunde in één punt gesentraliseer word – was doel met plan om NALN te betrek en hulp te gee waar nodig. Het ongelukkig nie gerealiseer nie en

daarom wegneem van taalkunde van NALN. Dalk in toekoms wel alles bymekaar.

19. Wat van letterkundeversameling? DPvZ sal hieroor praat.

25/09/2004